31 Maart 2023

Geagte Ouers

Die kwartaal het verbygevlieg en as ons terugkyk kan ons net met dankbaarheid sê dat ons geseënd, veilig en bevoorreg is. Eerstens wil ons vir mnr. Philip en tannie Zahné gelukwens met die **geboorte van PJ** en mag julle net plesier en vreugde in hom vind.

Die leerders het ook vandag hul **akademiese rapport** ontvang en ons wens elke leerder wat sy doelwit bereik het, baie geluk. Ons is baie trots op die uitslae. Geniet nou die vakansie en rus lekker, want die tweede kwartaal gaan baie besig wees.

Die **Ramme-aand** was weer eens 'n groot sukses en wil ons as skool vir elke persoon betrokke by die aand, groot dank uitspreek teenoor julle finansiële bydrae. Of u nou 'n jagpakket geskenk het, 'n lot gekoop het, of die aand 'n tafel bespreek het, weet dat die leerders by Eureka voordeel gaan trek deur u bydrae. Baie dankie ook aan die organiseerders van die aand. Julle het waarlik gewys dat Eureka na aan jul harte is. Die mooi bedrag van **± R350 000** is ingebring. Weer eens baie dankie.

Die **"In-ry-fliek"** was vir al die oues van dae net weer 'n terugblik na die verlede. Om die kinders te sien speel en hardloop terwyl ma en pa fliek kyk, wys net dat ons kinders die buitelewe geniet en wil speel. Baie dankie aan elke ouer wat ons kom ondersteun het die aand.

Baie geluk ook aan die **rugby- en netbalspanne** wat verlede week by Laerskool Bloemfontein getoer het. Julle het jul harte uitgespeel en weet

dat elkeen van julle 'n ambassadeur was van Eureka. Sterkte vir die seisoen wat die komende kwartaal voorlê. Dankie ook vir die afrigters wat die spelers vergesel het op die toer. Dankie vir julle tyd en opoffering. Ons waardeer dit baie.

Sterkte ook met die **0/13-rugbyspan** wat vandag vertrek na **Paarl** vir hul rugbytoer. Geniet die toer en weet ons hou duimvas vir julle.

Baie dankie aan elke leerder wat hul **Radikale redenaars video's** ingestuur het. Ons hou styf duim vas en weet dat dit goed sal gaan. Ons herinner net ook ons leerders aan die **CURRO kunstefees** inskrywing. Dankie vir diegene wat reeds hul video's ingestuur het.

Op Dinsdag, 25 April is dit weer tyd vir **Lollos** en die gr. RR en R se **karnaval**. Hou asseblief hierdie datum oop vir die kleingoed.

**Skoolfondsstate** word ge-epos. Betalings tot en met einde Februarie is in berekening gebring. Indien u geen state ontvang het nie, kontak die finansieskantoor om u besonderhede op datum te bring.

Aangeheg is **die kwartaalprogram**, maar hou in gedagte dat dit onderhewig is aan verandering. Indien daar veranderinge is, sal ons u dadelik in kennis stel. Die **buitemuurse-rooster** is ook aangeheg.

Ek wil vir elke ouer, leerder en onderwysers **dankie sê** vir 'n goeie, suksesvolle kwartaal. Dankie vir die vriendelike verwelkoming, elke glimlag en groet. Ek is oortuig dat as ons (ouers en onderwysers) saam hande vat, ons Eureka net die beste laerskool in die Noord-Kaap kan maak. Geniet die kort vakansie en die wat weg gaan, veilig reis asb.

**Die Beheerliggaam Voorsitter, ds. Christo De Witt, heg die volgende skrywe aan.**
'n Bietjie meer as twee maande gelede, het 'n splinternuwe skooljaar aangebreek. Een wat anders begin het as baie voor dit, want ons het 'n nuwe hoof gekry in die persoon van dr. Etienné Venter. En ja, glo dit of nie, hier staan ons aan die einde van die eerste kwartaal. Ek is oortuig u sal met my saamstem, ons verdien 'n ruskans, want dit was 'n dol en besige kwartaal.

Daar is gewoel en gewerskaf op die sportveld, ons was Kuruman toe, ons het deelgeneem aan Staats se sportdag, ons het in Bloemfontein gaan speel en ons toerspanne is op hierdie oomblik op pad Paarl toe. Kultureel het ons kore begin oefen en ons kinders is geweldig opgewonde. Radikale redenaars het ook in die afgelope kwartaal plaasgevind. Akademies is daar kliphard gewerk en ons almal slaak 'n sug van verligting na al die bedrywighede.


Dan was daar 'n ongelooflike suksesvolle Ramme-aand gehou en ons het letterlik verlede jaar se inkomste verdubbel. Ons het 'n pragtige fliek-aand gehad en almal wat daar was, het dit verskriklik geniet. Maar daar lê nog 75% van die jaar voor ons en daar is baie planne.

Ons is in die finale fase van beplanning rondom sonkrag vir die skool, sodat klasse en aktiwiteite kan voortgaan tydens beurtkrag. Ons heel kleintjies se speelarea gaan 'n gedaanteverwisseling ondergaan, die badkamers by die tennisbane wat ook tydens sportdae deur ons gaste gebruik word, gaan oorgedoen word en ons kry 'n splinternuwe Mercedes Sprinter bussie!! Ons werk hard en ons beur voort, want ons kinders se opvoeding is vir ons prioriteit**.**

**DANKIE DANKIE aan elke onderwyser en ouer** wat saam so hard gewerk het om hierdie kwartaal so 'n goeie kwartaal te maak. Niemand word uitgesonder nie, want elkeen het gedoen wat hy kon. Mag u en u gesin hierdie paar dae van vakansie saam geniet. Mag Paaswees vir u 'n besonder geseënde tyd wees. As u weggaan, ry asseblief veilig en kom veilig terug, want die tweede kwartaal wag!!

'n Brokkie van Laerskool Eureka se **geskiedenis** volg.

Eureka-groete



Dr. Etienné Venter
SKOOLHOOF

# Laerskool APRIL 2023 Eureka

| SUNDAY | MONDAY | TUESDAY | WEDNESDAY | THURSDAY | FRIDAY | SATURDAY |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31<br>SKOOL SLUIT<br>0/13 Rugby toer Paarl | 1<br>0/13 Rugby toer Paarl |
| 2<br>0/13 Rugby toer Paarl | 3<br>0/13 Rugby toer Paarl | 4<br>0/13 Rugby toer Paarl | 5<br>0/13 Rugby toer Paarl | 6 | 7<br>PAASNAWEEK | 8<br>PAASNAWEEK |
| 9<br>PAASNAWEEK | 10<br>PAASNAWEEK | 11 | 12<br>SKOOL BEGIN<br>*Netballiga begin<br>*Radikale Rede-naars Uitslae /web | 13<br>*Netbalproewe O/12 + O/13 Kby<br>*O/11 Krieket 16:00 by Eureka | 14<br>O/13 Krieket 14:30 by DHS | 15<br>*Netbal O/11 A+B + Rugby O/9A Bloem/Willem Postma<br>*Rugby O/12+O/13 Rugby FB Streekproewe<br>Nlbal O/10-O/13 A+B vs Trio by Eureka |
| 16 | 17<br>Gr. 4-7 OUERAAND 17:15-19:00 | 18<br>*FOTO'S GR. RR EN R<br>*O/9 Krieket 16:00 by Eureka | 19 | 20<br>*BHL-vergadering<br>*O/13 Krieket 16:00 by Eureka | 21<br>*O/11 Krieket 14:30 by DHS<br>*Netbalproewe O/12+O/13 FB (Hartswater) | 22<br>Radikale Redenaars Streeksfinaal by HS Diamantveld |
| 23 | 24 | 25<br>*Lollos en Karnaval<br>*O/9 Krieket 16:00 by Eureka<br>*Tennis O/11 Bethlehem | 26<br>*Tennis O/11 Bethlehem | 27<br>VRYHEIDSDAG<br>SKOLE VAKANSIEDAG<br>*Tennis O/11 Bethlehem | 28<br>SKOLE VAKANSIEDAG<br>*Tennis O/11 Bethlehem | 29<br>*Tennis O/11 Bethlehem |
| 30 | 1<br>WERKERSDAG<br>SKOLE VAKANSIEDAG | 2 | 3 | 4 | 5<br>NK TENNIS Mini 2 | 6<br>NK TENNIS Mini 2 |

# Laerskool MEI 2023 Eureka

| SUNDAY | MONDAY | TUESDAY | WEDNESDAY | THURSDAY | FRIDAY | SATURDAY |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 30 | 1<br>WERKERSDAG | 2<br>*SAOU – SACE SAAL<br>*O/9 Krieket 16:00 by Eureka | 3<br>SAOU – SACE SAAL | 4<br>O/11 Krieket 16:00 by Eureka | 5<br>*Netbal O/12+O/13 NK Diamante (De Aar)<br>*NK Tennis Mini 2<br>*O/13 Krieket 14:30 by DHS | 6<br>*Netbal O/12+O/13 NK Diamante De Aar<br>*NK Tennis Mini 2 |
| 7<br>NK TENNIS Mini 2 | 8<br>Jeugboekskrywer Christien Neser 11:45-12:30 | 9<br>*HS DIAMANTVELD OPEDAG<br>*O/9 Krieket by Eureka | 10 | 11<br>O/13 Krieket 16:00 by Eureka | 12<br>*GW –Rugby Proewe 0/12 – 0/13 (Eureka)<br>*Jnr + Sen Koorfees Kim Girls High<br>*O/11 Krieket 14:30 by DHS | 13<br>*GW – Rugby Proewe 0/12 – 0/13 (Eureka)<br>*O/7-O/8 Rugby + Netbal Hartswater<br>*Newton R + N O/9A+B Kortvolkdag |
| 14 | 15<br>Leerlingraad projek: DBV (3 weke) | 16<br>*Finansies Kommissie Vergadering<br>*O/9 Krieket 16:00 by Eureka | 17 | 18<br>Hemelvaart 7:30<br>*O/11 Krieket 16:00 by Eureka | 19<br>*Eureka sportdag 0/7–0/13 A+B Rugby + Netbal<br>*Griquas vs Griffons Rugby O/12 + O/13<br>*O/13 Krieket 14:30 by DHS | 20<br>*Eureka sportdag 0/9–0/13 A+B Rugby + Netbal<br>*Griquas vs Griffons Rugby O/12 + O/13 |
| 21 | 22 | 23<br>*Graad 7 Uitstappie<br>*O/9 Krieket 16:00 by Eureka | 24<br>*DIAMANTVELD MANNE-AAND<br>*Mini – Cravenweek Rugby (Bloem) | 25<br>*BHL-verg.<br>*Musiek-eksamen<br>*Mini – Cravenweek Rugby(Bloem)<br>*O/13 Krieket 16:00 by Eureka | 26<br>HAP EN TAP<br>*Musiekeksamen<br>*Mini – Cravenweek Rugby (Bloem)<br>*O/11 Krieket 14:30 by DHS | 27<br>Newton Rugby + Netbal Mc Donald's O/7+O/8<br>*Mini – Cravenweek Rugby (Bloem) |
| 28 | 29<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7<br>Musiek-eksamen | 30<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7<br>Musiek-eksamen | 31<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7<br>Musiek-eksamen | 1 | 2 | 3 |

# Laerskool JUNIE 2023 Eureka

| SUNDAY | MONDAY | TUESDAY | WEDNESDAY | THURSDAY | FRIDAY | SATURDAY |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 28 | 29 | 30 | 31 | 1<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7 | 2<br>*Tentatief EKSAMEN Gr4-7<br>*Griquas vs Cheetahs Rugby O/12 + O/13 | 3<br>*Griquas vs Cheetahs Rugby O/12 + O/13 |
| 4 | 5<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7<br>*Diskonto Boeke | 6<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7<br>*Diskonto Boeke | 7<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7<br>*Diskonto Boeke | 8<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7 | 9<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7 | 10 |
| 11 | 12<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7 | 13<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7 | 14<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7<br>*Eureka Kultuuraand | 15<br>Tentatief EKSAMEN Gr4-7 | 16<br>JEUGDAG<br>Skole Vakansiedag<br>*Netbal O/12+O/13 Provinsiale Uitspele (Upington) | 17 |
| 18<br>Griqua O/13 Rugby Oefenkamp | 19<br>Griqua O/13 Rugby Oefenkamp | 20<br>Griqua O/13 Rugby Oefenkamp | 21<br>Griqua O/13 Rugby Oefenkamp | 22<br>*BHL-Verg<br>*Griqua O/13 Rugby Oefenkamp | 23<br>*Entrepeneurs Gr. 1, 2 ,3<br>Skool sluit Kw.2<br>*NK Tennis Mini 3 Kathu<br>*Griqua O/13 Rugby Oefenkamp | 24<br>*NK Tennis Mini 3 Kathu<br>*Griqua O/13 Rugby Oefenkamp |
| 25<br>*NK Tennis Mini 3 Kathu<br>*Netbal Alle ouderdomme Boksburg<br>*O/13 Rugby Cravenweek | 26<br>*Netbal Alle ouderdomme Boksburg<br>*O/13 Rugby Cravenweek | 27<br>*Netbal Alle ouderdomme Boksburg<br>*O/13 Rugby Cravenweek | 28<br>*Netbal Alle ouderdomme Boksburg<br>*O/13 Rugby Cravenweek | 29<br>*O/13 Rugby Cravenweek | 30<br>*O/13 Rugby Cravenweek | 1 |

| Aktiwiteit | Dag | Tyd | Organiseerder | Afrigter |
|---|---|---|---|---|
| **Netbal** | | | | |
| Netbal 0/7 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 13:05 – 14:00 | Erika Smith | Mianca-Lee Vos<br>Kristen Oosthuizen<br>Dorindie Ferreira |
| Netbal 0/8 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 13:05 – 14:00 | Erika Smith | Janine de Villiers<br>Danielle Hough<br>Nadia Goltz |
| Netbal 0/9 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 14:00 – 15:00 | Erika Smith | Corina Pope<br>Idelle J.v Rensburg<br>Celeste v Aardt |
| Netbal 0/10 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 14:00 – 15:00 | Erika Smith | Elmarie Nieuwoudt<br>Marcherie J.v Rensburg |
| Netbal 0/11 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 15:00 – 16:00 | Erika Smith | Michelle v Heerden<br>Noelene Schreuder |
| Netbal 0/12 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 15:00 – 16:00 | Erika Smith | Martie v.d Merwe<br>Elalne Coetzee |
| Netbal 0/13 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 15:00 – 16:00 | Erika Smith | Lea – Ann Greeff<br>Elri Botes |
| **Rugby** | | | | |
| Rugby 0/7 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 13:30 – 14:30 | Gerhard J.v Rensburg | George Whitehead<br>Marius v.d Walt<br>Willbritt Uys |
| Rugby 0/8 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 13:30 – 14:30 | Gerhard J.v Rensburg | Gideon v.d Merwe<br>Francois Conradie<br>Jan Potgieter |
| Rugby 0/9 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 14:00 – 15:00 | Gerhard J.v Rensburg | Gerhard J.v Rensburg<br>Daniel Malaat |
| Rugby 0/11 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 15:00 – 16:30 | Gerhard J.v Rensburg | Hansie Strydom<br>Duvandre Drude<br>Gideon v.d Merwe |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | Francois Conradie<br>Etienne Venter |
| Rugby 0/13 | Maandae, Dinsdae en Woensdae | 14:00 – 15:00 | Gerhard J.v Rensburg | Stiaan Oberholzer<br>Jacque Mew<br>Johan Strydom<br>Duvandre Drude |
| **Krieket** | | | | |
| Krieket 0/9 | Dinsdae | 16:00 – 17:30 | Hansie Strydom | Raymond Alexander |
| Krieket 0/11 & 0/13 (By Eureka) | Donderdae | 16:00 – 17:30 | Hansie Strydom | Raymond Alexander |
| Krieket 0/11 & 0/13 (By Diamantveld) | Vrydae | 14:30 – 16:00 | Hansie Strydom | Mario |
| **Tennis** | | | | |
| Toerspan | Donderdae | 14:00 – 15:00 | Rilette de Villiers | Philip v.d Walt |
| Ranglys | Donderdae | 15:00 16:00 | Rilette de Villiers | Philip v.d Walt |
| Spesiale Afrigting | Gedurende VO | Soos op rooster | Lapesa (Miemie Lubbe) | Miemie & Freek |
| **Koor** | | | | |
| Jnr. Koor (Gr 1 – 3) | Woensdae | 9:50 – 10:15 | Annalize Venter | Rochelle van Zijl |
| Snr. Koor (Gr 4 – 7) | Donderdae | 14:00 – 15:30 | Annalize Venter | Annalize Venter |
| **Landsdiens** | | | | |
| Landsdiens (Gr 1 –7) | Donderdae | 16:00 – 17:00 | Stiaan Oberholzer | Michelle v. Heerden<br>Celeste v Aardt |
| **Dance Mouse** | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Gr RR | Dinsdae | 7:30 – 8:00 | Marina Klopper | Marina Klopper |
| Gr R | Dinsdae | 8:00 – 8:30 | Marina Klopper | Marina Klopper |
| Gr 1 | Donderdae | 13:30 – 14:00 | Marina Klopper | Marina Klopper |
| Gr 2 - 4 | Donderdae | 14:00 – 14:30 | Marina Klopper | Marina Klopper |
| **Playball** | | | | |
| Mianca 2 groepe | Maandae | 7:30 – 8:00 | Mianca – Lee Vos | Janke Steenkamp |
| Mianca 1 groep, Kristen 1 groep | Maandae | 8:00 - 8:30 | Mianca – Lee Vos | Janke Steenkamp |
| Kristen 2 groepe | Maandae | 8:30 – 9:00 | Mianca – Lee Vos | Janke Steenkamp |
| Danielle 2 groepe | Dinsdae | 7:30 – 8:00 | Mianca – Lee Vos | Janke Steenkamp |
| Monique 2 groepe | Dinsdae | 8:00 - 8:30 | Mianca – Lee Vos | Janke Steenkamp |
| Danielle 1 groep, Monique 1 groep | Dinsdae | 8:30 – 9:00 | Mianca – Lee Vos | Janke Steenkamp |
| Celeste 2 groepe | Vrydae | 7:30 – 8:00 | Mianca – Lee Vos | Janke Steenkamp |
| Celeste 1 groep | Vrydae | 8:00 - 8:30 | Mianca – Lee Vos | Janke Steenkamp |
| **Sporty Girls** | | | | |
| Gr RR R | Dinsdae | 12:30 – 13:00 | Mianca – Lee Vos | Tinkie Smal |
| **EQ for kids** | | | | |
| Gr RR | Woensdae | 8:00 – 8:30 | Mianca – Lee Vos | Theani Groenewald |
| Gr R | Woensdae | 8:30 – 9:00 | Mianca – Lee Vos | Theani Groenewald |
| **Musiek** | | | | |
| Gr RR L | Donderdae | 7:30 – 7:50 | Mianca – Lee Vos | Rochelle van Zijl |
| Gr RR E | Donderdae | 7:50 – 8:10 | Mianca – Lee Vos | Rochelle van Zijl |
| Gr R E | Donderdae | 8:10 – 8:30 | Mianca – Lee Vos | Rochelle van Zijl |
| Gr R L | Woensdae | 8:05 – 8:25 | Mianca – Lee Vos | Rochelle van Zijl |
| Gr R H | Woensdae | 8:05 – 8:25 | Mianca – Lee Vos | Rochelle van Zijl |
| **MonkeyNastix** | | | | |
| Gr RR - R | Woensdae | 12:30 – 13:00 | Mianca – Lee Vos | Chevonne Carstens |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Arbeidsterapie** | | | | |
| Gr R | Donderdae | 9:00 – 12:00 | Mianca – Lee Vos | Jeanine Boshoff |
| **Experi – Maatjies** | | | | |
| Gr RR - R | Donderdae | 12:00 – 12:30 | Mianca – Lee Vos | Dominique Kriek |
| **Pottery** | | | | |
| Gr RR - R | Donderdae | 12:30 – 13:00 | Mianca – Lee Vos | Ruth v Rensburg |
| **Redenaars** | | | | |
| Gr 3 - 7 | Donderdae | 15:00 – 16:00 | Elaine Coetzee | Elaine Coetzee |

Mnr. Pienaar het saam met hom 'n pragtige erekode gebring en een van ons personeellede het dit in drukskrif geplaas en toe laat raam en in die voorportaal gehang.

Ons saalbyeenkomste was en is Woensdagoggende. Die erekode is gereeld daar gelees. Later het ons 'n mooi boekmerk laat druk met die erekode daarop. Die leerlinge het dit teen 10c stuk gekoop. Veral by 'n nuwe skool is iemand nodig wat handig is. Mnr. Bergh was die regte persoon. Omdat hy 'n houtwerkonderwyser is, kon hy baie dingetjies self maak. Hy het bv. 'n pragtige naambord vir die hoofseun en hoofmeisie gemaak en dit hang teen die voorste muur in die saal.

Mnr. D.J. Retief, 'n houtwerkonderwyser van Aliwal-Noord en 'n vriend van mnr. Bergh, het 'n groot skoolwapen uit hout vervaardig en ons het dit voor in die saal gehang. Gedurende die tweede kwartaal is die O.O.V. gestig. Hierdie vereniging was vir ons goud werd. Intussen is met rugby begin. Die eerste wedstryde het by Hoffepark plaasgevind. Ook aan die kleintjies is aandag gegee en die skoolhoof het besondere name aan die drie spannetjies gegee. Name wat die spanne sou behou.

| | | |
|---|---|---|
| Sub. st. A | - | Mossies |
| Sub. st. B | - | Blikore |
| St. 1 | - | Vlermuise |

Eèn van die personeellede het ore aan konfytblikkies gesoldeer en so het elke span sy eie beker bekom.

Tennis, dwergtennis en netbal het op dreef gekom en goeie vordering is gemaak. Ons het by die Departement van Onderwys aansoek gedoen dat die skool se naam van Laerskool Hadisonpark tot LAERSKOOL EUREKA verander word. Die Departement het sy goedkeuring gegee en ons het begin voorbereidings tref vir 'n inwyding van die nuwe skool op **11 September 1971**. Die datum is nie om dowe neute gekies nie.

Ons omgangsinspekteur, mnr. A.P. du Toit het die skool vir inspeksie van 17 - 21 Mei besoek. Mnr. du Toit was die nuwe skool baie goedgesind. 'n Inwoner van Hadisonpark, **Oom Cassie le Grange** het 'n skoollied geskryf en aan die skool opgedra. Mnr. Bergh, wat die prefekte onder sy vleuels geneem het, het onderneem om saam met die prefekte die skoollied te laat toonset en het beplan vir ons eie skoolvlag iewers vorentoe.

Mev. E. Bergh het vir 'n kwartaal afgelos by die kindertuin.